# MITCHELL'S PLEIN

**Daar is vandag ongeveer 10 000 - 12 000 lidmate in hierdie gemeente met slegs een permanente predikant, Ds. Jan Metler, asook vier evangeliste wat hom bystaan.**

Die N.G. Sendinggemeente Mitchell's Plein bestaan tans uit die Moedergemeente Westridge, asook twee afgestigte gemeentes, Lentegeur en Goeie Hoop. 'n Vierde saal by Tafelsig is tans in aanbou. Die kerksale van die Goeie Hoop gemeente en Tafelsig is deur gemeentelede in hulle vrye tyd gebou, met geld gedeeltelik deur die Kommissie van Kerklike Samewerking voorsien. Die langtermyn plan behels ook die bou van kerke en pastorieë.

Mitchell's Plein, die snelgroeiende stad op die Kaapse Vlakte is sowat 25 minute se ry vanaf Stellenbosch. Daar word gereken dat in die jaar 2000 tussen 600 000 en 800 000 mense hier gaan woon.

**Atlete vir Christus samel fondse in vir hulle, en omdat ons genoeg het, en dankbaar daarvoor is, doen ons 'n beroep op u om ook hierdie mense finansieël te help. Ons doen nie slegs 'n beroep nie, maar daag u uit in die Naam van Jesus Christus...**

---

U donasie kan gestuur word aan:

**Atlete vir Christus,**
**Die Studente KJA,**
**Posbus 275,**
**Stellenbosch 7600**

CABO - TEL. (02212)-2103, FRANSCHHOEK.

# ATLETE VIR CHRISTUS



**1989**

## ONS HARDLOOP, SING EN GESELS CHRISTUS

# ATLETE VIR CHRISTUS

**Ons is 'n groep van 24 Stellenbosse studente wat vanjaar vir die vyftiende keer toer sedert die ontstaan van die groep in 1975.**

**Ons doelstellings is tweeledig:**

- **om Jesus Christus te verheerlik, soos dit ook in ons leuse vervat is:**
  *"Ons Hardloop, Sing en Gesels Christus"*

- **Tweedens om R30 000 in te samel vir die oprigting van kerksale in die snelgroeiende bruin gemeenskap, Mitchell's Plain.**

**Die groep is saamgestel uit 9 atlete, 'n sanggroep van 9 lede, 2 afrigters, 4 persoonlike werksters en 'n toerpa. Deur die dag hardloop die atlete, op 'n aflosbasis, tussen twee dorpe. Die aand tree die sanggroep op. Die program bestaan uit ligte gewyde sang, asook getuienis deur sekere lede. Ons toerpa lewer 'n kort boodskap en daar word ook ruim tyd ingeruim vir groeps- en persoonlike gesprek.**

**Mag die Here tot u spreek in ons optrede.**

## *Toerleiers*



**Jan Slabbert** en **Louise Hofmeyr** is vanjaar ons toerleiers. Jan, 'n atleet, is 'n 3de jaar B.Rek-student van Stellenbosch en Louise, 'n persoonlike werkster, is 'n B.Comm.-Hons. student van Robertson.

## *Toerpa*



**Ds. Frans Marais**, van die Strand, is vanjaar vir die eerste maal ons Toerpa.

## *Sang-afrigsters*



**Rozanne Marais**, 'n 2de jaar B.Mus.-student en **Adônia Deysel**, 'n 3de jaar B.Mus.-student, rig vanjaar die sanggroepie af.

## Atlete



**Loekie van Wyk**
B.Comm. (Regte) III
Strand



**Andries Burger**
B.Comm II
Bellville



**Hennie Louw**
B.Rek. III
Kenridge



**Pieter Crafford**
B.Rek. III
Bonnievale



**Piet Nieman**
B.Comm. III
Postmasburg



**Ritz de la Bat**
B.Comm. (Regte) II
Paarl



**Edward Turner**
B.A. Teologie III
Vredenburg



**Johan Viljoen**
B.Sc. (Agric) I
Richmond

## Persoonlike Werksters



**Magerite Welgemoed**
B. Mus. Ed. II
Panorama



**Idelett van Wyk**
B.A. Maatskaplik I
Fraserburg



**Elana Leeuwner**
B.Sc. Fisioterapie IV
Parow

## Sanggroep



**Erika Grobler**
B.A. Sielkunde II
Brackenfell.
*Sopraan*



**Cornè Hamman**
B. Spraakkunde en
Oudiologie I
Strand. *Sopraan*



**Annake Rossouw**
B.Comm. Bestuursrek. I
Malmesbury
*Sopraan*



**Janneke Gouws**
Fisioterapie III
Stellenbosch
*Alt*



**Ansie Kroes**
H.O.D.
Stellenbosch
*Alt*



**Dappie van der Ryst**
Hons. B. MBK
Welgemoed
*Tenoor*



**Johan Engelbrecht**
B.A. Teologie III
Bellville
*Tenoor*



**Dirk v.d. Merwe**
B.A. Teologie III
Bellville
*Bas*



**Roelie Roelofse**
B.A. Teologie III
Welgemoed
*Bas*

# Program

## Bekendstelling van die groep

**1. AANBIDDING**

- **O Heer my God**
- **Heilig, Heilig, Heilig is die Heer**
- **El Shaddai**
- **Samesang: Gesang 182 vers 1 en 5:**

*Besing die lof van Jesus saam*
*ook eng'le bring Hom eer*
*Juig hemel, aarde, roem Sy naam*
*en dien Hom, volg Hom, loof Hom*
*Middelaar en Heer!*

*Hy wat as die oorwinnaar staan,*
*Kom op die wolke weer:*
*Hef al wat leef jul loflied aan*
*en dien Hom, volg Hom, loof Hom:*
*Koning, Herder, Heer!*

## Boodskap deur toerpa: Ds. Marais

**2. TOEWYDING**

- **Aan die kruis van Golgota**
- **I love You Lord**
- **Thy Word**
- **Samesang: Ek weet verseker:**

*Ek weet verseker dat Jesus leef*
*Hy het my sonde uit liefde vergeef*
*Ek was verlore, maar deur Sy bloed*
*Is daar nou vrede in my gemoed*

*Lig is Sy las en sag is Sy juk*
*Hy gee vermoeides die ware geluk*
*Uit Sy genade, liefde en trou*
*Weet ons hoe God Sy kinders behou*

*REFREIN:*

*Hy is my leidsman, Hy laat my leef*
*Hy is oorwinnaar, Hy is die Heer*
*Selfs as ek struikel en het berou*
*Sal Hy vergewe, Hy bly getrou.*

## Persoonlike getuienis deur groeplede

**3. VERKONDIGING**

- **Go tell it**
- **Soldaat vir Christus**
- **Samesang: Gesang 222 vers 1 en 4:**

*Bring aan die volke die boodskap*
*Van hoop en bevryding*
*So sê die Here verkondig al*
*verder die tyding:*
*Daar is my kneg!*
*Hy bring na nasies die reg*
*Volg Hom getrou in Sy leiding!*

*As Hy ons roep tot Sy diens —*
*Hoe sal ons dit mag weier?*
*Hy is almagtig, genadig die*
*troue bevryder*
*Dit gee ons krag:*
*Knegte met koningsgesag*
*het God as ons medestryder.*

- **I know were I'm going:**

*I know where I'm going and I know Who's going with me*
*I know who writes the music in the stillness of the morning*
*I found a wealth of gold and silver have I plenty*
*I have a light to guide me when the road is dark and stormy*

*Where are you going. Who will walk beside you*
*When the night is gloomy where is the light to guide you*
*And where's your gold and your silver brightly shining*
*Who writes the music in the stillness of the morning*

*I'm going where he goes and He'll be there beside me*
*The love for which He died is all I need to guide me*
*And He's my gold and my silver brightly shining*
*He writes the music in the stillness of the morning*

*Ek wil U dank Heer vir u liefde en u genade*
*U is 'n troue leidsman en beskerm my teen gevare*
*U is die weg en waarheid die lewe — U is my vrede*
*Help my om U te volg Heer in 'n wêreld vol probleme*
*U is 'n sterke rots. Aan U kan ek my lewe gee*
*Maak my aan U gehoorsaam om te wandel in u weë*
*U is getrou, regverdig en almagtig*
*U ken my hart Heer, daarom bid ek om u seën*
*AMEN*


- **Samesang: Onse Vader**

## Informele Gespreksgroepe

## Oppad




*Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar my liefde vir jou sal nooit verdwyn nie ... (Jesaja 54:10).*



*Hulp kom net van die Here af... (Psalm 3:9).*




*Moenie bang wees nie ... Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne. (Jesaja 43:1)*

## Optrede




*Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, want Hy het magtige dade gedoen. (Psalm 98:1).*

## Mitchell's Plein



*Hierdie kerkgebou is in Mitchell's Plein opgerig. Nog meer geboue word benodig.*

## *Bybelstudie*




*U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.* (Psalm 119:105).

# TOERPROGRAM

| Datum | Oornagdorp | Kaart-nommer | Afstand km |
|---|---|---|---|
| 30 Junie | STELLENBOSCH ... | (17) | |
| 2 Julie | MURRAYSBURG .... | (1) | |
| 3 Julie | VICTORIA-WES ..... | (2) | 93 |
| 4 Julie | BRITSTOWN ....... | (3) | 111 |
| 5 Julie | PHILLIPSTOWN .... | (3) | 112 |
| 6 Julie | MIDDELBURG (KP) . | (5) | 154 |
| 7-8 Julie | CRADOCK ....... | (6) | 98 |
| 9 Julie | SOMERSET-OOS .... | (7) | 113 |
| 10 Julie | JANSENVILLE ...... | (8) | 107 |
| 11 Julie | KIRKWOOD ........ | (9) | 123 |
| 12 Julie | STEYTLERVILLE .... | (10) | 119 |
| 13 Julie | UNIONDALE ...... | (11) | 149 |
| 14 Julie | OUDTSHOORN .... | (12) | 107 |
| 15-16 Julie | BRANDWAG ... | (13) | 94 |
| 17 Julie | RIVERSDAL ....... | (14) | 96 |
| 18 Julie | BREDASDORP ..... | (15) | 152 |
| 19 Julie | HERMANUS ....... | (16) | 108 |
| 20 Julie | STELLENBOSCH ... | (17) | 100 |

TOTALE AFSTAND: 1 836 km
TOTALE AFSTAND PER ATLEET: 204 km
GEM. AFSTAND PER ATLEET: 12,75 km/dag

*Toerkaart*




**DONASIES KAN GESTUUR WORD AAN:**
ATLETE VIR CHRISTUS, DIE STUDENTE KJA, POSBUS 275, STELLENBOSCH 7600.